UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DEEL 4:

# 'N EKKLESIOLOGIES - ESKATOLOGIESE BEGRONDING VAN DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

In hierdie gedeelte van die studie val die klem baie sterk op die ekklesiologie. Die gedeelte val dan uiteen in twee hoofstukke.

**Hoofstuk 8.**

In die hoofstuk word daar ekklesiologies aandag gegee aan die missionêre diakonaat vanuit die hoek van die Koninkryk, die verbond en die eskatologie. Die Missionêre Diakonaat:

- rig tekens op van die Koninkryk en vergestalt dit,
- spruit voort uit die verbondsverhouding,
- bring hoop en Hoop van eskatologiese waarde.

**Hoofstuk 9.**

Hierdie hoofstuk handel baie meer spesifiek oor die ekklesiologie. Hier word baie spesifiek gekyk na die identiteit, die roeping en die eenheid van die kerk. Indien hierdie drie sake stewig Bybels begrond word, is die Missionêre Diakonaat byna vanselfsprekend.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 8

# MISSIONêRE DIAKONAAT: VERGESTALTING VAN DIE KONINKRYK; VOORTSPRUITEND UIT DIE VERBOND; EN ESKATOLOGIESE HOOP

## 1. INLEIDING

Die sakramente, doop en nagmaal, word meer as ooit as koninkrykshandelinge verstaan, saam met die Woord van God gegee, om as heilsmiddele te dien waardeur die kerk na binne opgebou word vir sy getuienis na buite. By die doop val die klem op die eenmalige deel word van en ingang in die gemeenskap met Christus en die gelowiges, terwyl die nagmaal die klem laat val op die voortgang of die versterking van die gemeenskap met Christus en die medegelowiges (Du Preez 1986:102). Om so deel te hê aan die gemeenskap van Christus (1 Kor 10:16) in die nagmaal, beteken om deel te hê aan sy sending in die wêreld. "Die nagmaalstafel dien as voedingsbodem vir die sending; dit is die plek waar kerk en wêreld mekaar in die teenwoordigheid van Christus ontmoet en van waar Christene uitgestuur word om in liefde te dien" (Du Preez 1986:103). Hierdie diens in liefde vind plaas teen die agtergrond van die Koninkryk, maar ook tot stigting van die Koninkryk.

## 2. DIE KONINKRYK AS BASIS VIR DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

Dit is baie moeilik om die Koninkryk te omskryf sonder om dit simplisties te doen, aangesien die Koninkryk altyd daar was, en gekom het, en ook nog volledig sal kom. Die Koninkryk is van ewigheid tot ewigheid, en tog speel klein nietige mense 'n geweldige rol in die Koninkryk. Die Koninkryk is iets wat is en wat kom en wel tot mense – maar dis ook iets waartoe mense kom en ingaan. Terselfdertyd is die Koninkryk ook 'n plek of 'n "sfeer". Die Koninkryk kom naby mense, en mense kom ook naby die Koninkryk. Dit kom van God, van Jesus, maar mense is ook betrokke. Dit moet deur mense gesoek word,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit word deur hulle verwag, maar dit moet deur mense ontvang word, of geweier word. Die Koninkryk word aan mense gegee en van mense weggeneem, dit word aan en deur mense verkondig, dit word vir en deur mense gesluit, dit word vir en oor mense opgerig. Hieruit blyk duidelik die veel-kleurigheid van die Koninkryksbegrip (Van der Walt 1962:32-33).

Jesus bring die Koninkryk naby, Hy is die Koninkryk, Hy is die Ewige Lewe (Joh 17:1-3). Tog realiseer die Koninkryk eers in die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Dit is die Heilige Gees wat die heerskappy, die koningskap van Christus op aarde uitoefen (Floor 1981:44). Wanneer daar oor die Koninkryk nagedink word, gaan dit in wese oor niks anders as die Koning van die Koninkryk nie, nl die Drie-enige God. Daar is in die voorafgaande hoofstukke daarop gewys dat die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees in genade en liefde handel met die skepping en die skepsels. Hierdie *viseo Dei* op die wêreld – die Koning se visie – kom juis in die nagmaal na vore en is noodsaaklik en bevrydend vir die bediening van die Evangelie aan die mense in die wêreld van die Koning. "The kingdom that Jesus proclaimed and made present is both the context and the goal, not only of our lives, but also of history. The mystery of creation is God wishing to share God's life with us. That life is a gift of unconditional love" (Amaladoss 2000:15).

Wanneer die vraag dan gevra word hoe ons deel van die Koninkryk word, dan moet ons voorlopig sê: die Koninkryk is 'n gawe wat deur mense ontvang word, en nie iets wat deur mense verdien word nie. Dit kan alleen ontvang word in die gesindheid soos van 'n klein kindjie (Mark 10:13-16). Hoe die Koninkryk ontkiem en groei, dit weet niemand nie (Mark 4:26). Tog beteken dit alles nie dat die Koninkryk outomaties kom nie. " The irony of the kingdom is that receptivity does not mean passivity. ... Creative participation in the kingdom of God is both a gift and a demand" (Stone 1996:73-74).

Die Koninkryk van God word in die Ou Testament onderskei van aardse ryke, deurdat daar in die koninkryk van God 'n intieme, persoonlike verhouding tussen die Koning en sy onderdane is. Hierdie verhouding kan omskryf word as 'n geloofsverhouding of 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verbondsverhouding. Dit gaan dus nie maar om 'n onpersoonlike heerskappy vanuit 'n magsposisie nie, maar God se koningskap is ingestel op gemeenskap, persoonlike gemeenskap met die mens wat deur Hom geskape is. Hierdie *koinonia* met die Lewende God vind juis gestalte waar ons deelneem aan die tekens van die brood en die wyn (1 Kor 10:16). Dit is dus nie 'n regering oor die aarde en oor die mens nie, maar wat die mens betref, 'n regering van binne uit. Daar is dus nie sprake van 'n alleenheerskappy van God as Koning nie, maar daar word saam met die Koning regeer. Die onderdane sal saam met die Koning op sy troon sit (Dan 7:27) (Floor 1981:10). Die Missionêre Diakonaat kom voort uit hierdie intieme persoonlike verhouding met God, maar het ook ten doel om God (sy liefde, genade en Koningskap) te verpersoonlik in die wêreld deur in intieme verhoudings met mense te gaan leef wat nood ervaar.

Die Koninkryk en die eenheid rondom die nagmaal dra beide 'n baie eksklusiewe karakter en 'n baie sterk getuienis teenoor die wêreld. Dit is 'n gemeenskap met die Here, die *Kurios,* wat sterker is as enige afgodsmag (1 Kor 10:22). Uit eerbied vir God word almal uitgesluit wat naas die tafel van die Here ook tafels vir ander here instand hou (1 Kor 10:19-21). Dus, nie alle mense het deel aan hierdie Koninkryk nie, slegs diegene wat in 'n verbondsverhouding met God staan. Hierdie verbondsverhouding is 'n geweldige voorreg, 'n stuk genade uit God se hand, maar dit vereis ook 'n stuk verantwoordelikheid. Dit sou ook die implikasie hê dat nie almal die voorreg het om aan die Missionêre Diakonaat te mag deelneem nie. Alhoewel dit waar is dat nie alle mense deel het aan die Koninkryk en die besondere Koningskap van God nie, is dit tog waar dat alle skepsels onder die Koningskap van God staan. Juis om hierdie rede dra ook die inklusiewe karakter van die Koninkryk en die nagmaal 'n sterk getuienis na buite, mense van alle soorte en stande word rondom die nagmaalstafel en in die Koninkryk verenig. Indien die inklusiewe karakter van die nagmaal (en Koninkryk) misken word, word Jesus se liggaam wat Hy as offer vir die wêreld gegee het, misken. Daarom moet almal hulleself ondersoek, sodat hulle nie 'n oordeel oor hulleself eet en drink nie. Die gemeenskap waaroor dit hier gaan is "'n gemeenskap waartoe almal geroep is wat tot die liggaam van Christus verkies en verlos is. Hier word 'n nuwe broederskap van versoenende vyande sigbaar" (Du Preez 1986:108). Vanuit die nagmaal, die nuwe verbond, is dit duidelik dat,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alhoewel almal nie die voorreg het om te mag deelneem aan die missionêre diakonaat nie, almal wel die voorreg het om daarin te mag deel deur dit te ontvang as gawe van God.

Tans is daar 'n verskuiwing van 'n kerk-gesentreerde sendingteologie na 'n koninkryk-gesentreerde sendingteologie. Vir baie eeue was die grondtema van die teologie in die kerk die verhouding sonde – genade. Die verlossing het gehandel oor hoe die mens van die sonde verlos kan word. Dink maar aan die stryd tussen Augustinus en Pelagius, en die konflik tussen die Roomse Kerk en die Reformasie. In vandag se teologie is die grondtema nie meer sonde – genade nie, maar 'n nuwe tema, Gees – wêreld. Dit gaan dus vandag nie soseer oor die vraag hoe die sondaar geregverdig word, of hoe die verlore mens in die koninkryk van God kom nie, maar eerder hoe 'n verontregte, politiek-verdrukte en sosiaal-agtergestelde mens geregverdig word, hoe hy sy reg kry, dit wat hom toekom (Floor 1981:14).

Die vraag is dan hoe die kerk by die sosiale vraagstukke betrokke raak sonder om sy sendingvisie en Bybelse inhoud te verloor? Ook hierin help die verstaan van die nagmaal, aangesien die eenheid rondom die nagmaalstafel juis saamhang met die liefde, nie sentimentele liefde nie, maar liefde gegrond in Christus, m a w barmhartigheid gepaard met die beoefening van geregtigheid (vgl Du Preez 1986:109). Dit is duidelik dat hierdie koninkryk-gesentreerde sendingteologie baie nader aan die trinitariese *missio Dei* is, en dat die volle implikasies van die sending ons nog ontwyk. Wat wel reeds duidelik geword het op hierdie pad, is dat die plaaslike gemeente die belangrikste sendinginstrument in wêreldsending is (Scherer 1993:82). "Kingdom-ministry calls people to a conversion, but this conversion is not understood as a ticket to heaven or as entrance into a lifeboat, so to speak. Conversion to the kingdom of God is the liberation of human creativity for the sake of a new community on earth" (Stone 1996:75).

Opsommenderwys kan ons by die volgende aansluit:

> In summarised form, it may be said that for Jesus the kingdom of God means the active presence of God his Father, inaugurated in his own life and death, which brought about a reign characterised by gratuitous forgiveness and reconciliation

> through universal justice and peace, in opposition to the anti-reign of division and hatred, injustice and oppression, and which calls for a radical conversion issuing in personal and social transformation (Phan 2000:21).

## 3. DIE VERBOND AS DIE VERONDERSTELLING VAN DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

'n Sendingteologie wat in die verbond begrond word, en gesimboliseer word in die nagmaal as teken van die nuwe verbond, verhoed dat dit in die sending nie net gaan om individuele bekerings aan die een kant, of oor net sosiale aksie aan die ander kant, nie. Hier kan terugverwys word na Gen 1 en 2 waar die mens geskape is as God se beelddraers in die wêreld, en diensknegte van God. Na die sondeval het God telkens die verbond vernuwe tot en met die koms van die Here, Jesus Christus, en die nuwe verbond, waarvan die nagmaal die teken is, en waarvan Hy die voorwaardes baie duidelik uitgestippel het in die verskillende sendingopdragte.

> God's covenant law was immediately applicable to the people of the covenant. Those outside the covenant relationship are to be brought inside in order to experience its provisions. They are not excluded, but neither are they full participants until they accept the conditions of the relationship. God's mission then becomes the mission of the people of God (Hedlund 1991:79).

Brueggemann (1994:43-53) wys daarop dat die God van die verbond nie vergelykbaar is met enige ander god nie. Hierdie God gee alles prys en is heeltemal anders as die kulturele verwagtinge van 'n god. God sluit 'n verbond met mense, om in gemeenskap met hulle te leef en sodat hulle in gemeenskap met ander sal gaan leef. Ons sien ook dat God mense kies om in 'n verbondsverhouding met Hom te leef. Hierdie verkiesing behels beide roeping en opdrag. "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en familie af... Ek sal jou seën ... en jy moet tot seën wees" (Gen 12:1-2). Dit beteken dat die verkiesing 'n sendingdimensie het. Waarom kies God vir Abram? God kies hom uit genade, en om geen ander rede nie. Die oproep vir diens is gegrond, enkel en alleen, op dit wat God vir

Israel gedoen het (Eks 19:8). Die verkiesing is 'n verkiesing tot diens. Die verbond veronderstel gehoorsaamheid (De Ridder 1975:33).

Met die instelling van die nagmaal het Jesus die wyn geneem, God gedank en gesê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en *wat vir baie* vergiet word tot vergewing van sondes" (Matt 26:27-28). Verskeie skrywers het aangetoon dat die "baie" vir wie Jesus sy lewe gee, op die volkere van die wêreld dui (vgl Du Preez 1986:104). Daar vind dus 'n nuwe verbondsluiting, met 'n nuwe volk bestaande uit alle volke, plaas. Die brood en die wyn spreek reeds by die eerste nagmaal van die heil vir die volke. So word die dissipels verteenwoordigers van die nuwe volk met wie die verbond gesluit is, maar ook verantwoordelikes vir alle volke, net soos in die geval van die verbondsluiting met Abram en Israel. Alhoewel die kern van die wêreldsending reeds in die eerste nagmaal opgesluit lê, vind dit heilshistories eers met Pinkster plaas. Ná Pinkster moet elke nagmaal die gemeente herinner dat hulle 'n verpligting het teenoor die "baie" vir wie die heil bedoel is, die "baie" moet ook na die nagmaalstafel gebring word.

God is die gemeenskapskeppende God (1 Kor 10:16-17). God het behoefte om in noue persoonlike verhouding met mense te leef, en mense in sy Naam aan mekaar te bind. God is die God van liefde (vgl Kraemer 1956:16). Die basiese inhoud van die verbond is dat God uit genade in gemeenskap met sy volk leef - en in gemeenskap met alle mense wil leef. Hy wil hulle seën en bewaar, hulle lei en vermaan, hulle sonde vergewe en hulle 'n nuwe lewe gee. God gee hierdie nuwe lewe sodat hulle Hom sal liefhê, Hom sal prys en dien, na Hom sal luister en daarom anders sal leef as die volke rondom hulle - in heiligheid en reg en geregtigheid, in liefde teenoor die regteloses en armes (König 1986:105). Die verbond is die wyse waarop God die verhouding tussen Hom en sy mense reël, maar hierdie verbond het ook implikasies vir die verhouding van sy kinders onderling. Dit kan duidelik gesien word by Israel se verkiesing en God se verbond met hulle by Sinai. Daar gee Hy 'n verbondswet waarin die lyne vir barmhartigheidsdiens getrek word. God se handelinge met sy volk was dié van Een wat barmhartig is, juis daarom moes sy volk ook barmhartigheid betoon teenoor mekaar, maar ook teenoor die

vreemdelinge in hulle midde. Die genade en barmhartigheid van hulle redding uit die slawerny (Eks 20:2) moes hulle dwing tot blymoedige gehoorsaamheid aan die wet. Wanneer ons in 'n verbondsverhouding met God leef, dan is ons verplig om in diens van ons naaste te leef. Die Bybel is vol daarvan.

> Feitlik sonder uitsondering staan hulle (die opdragte om goed te doen aan die weduwee, die wees en die vreemdeling) in die apodiktiese of onvoorwaardelike vorm. Diens van barmhartigheid is dus nie 'n opsionele saak nie, maar dit kom met gesag van Jahweh af wat dit as opdrag gee aan diegene wat bely dat hulle sy volk is (Prinsloo 1982:5).

Twee verbandhoudende aspekte van die verbond is die verteenwoordigende (representatiewe) en korporatiewe aspekte. Christus se werk illustreer dit. Hy het vir ons iets gedoen (verteenwoordigend), maar Hy sluit ons ook in Homself in (korporatief). Die korporatiewe betekenis werk op merkwaardige wyse in die Abrahamverbond. As Paulus bv meld dat Christus eintlik die nageslag van Abraham is, dan is dit juis 'n voorbeeld van hierdie korporatiewe betekenis van die verbond (Gal 3:16). As Christus Abraham se nageslag is, beteken dit dat Christus korporatief die nageslag van Abraham is, en dat ons ook as Abraham se nageslag so aan Christus behoort (Gal 3:29) (König 1995:75-78). Dit is dus baie duidelik dat Christus se werk op die wêreld gerig is. As gelowiges verkies is om in 'n verbondsverhouding met God te staan, dan rig God hulle na buite op die wêreld. Die verkiesing en die verbond is ter wille van die wêreld, en op die wêreld gerig. "The election of Israel, as Blauw states it, is never passive but active. Israel is not so much the *object* of divine election as *subject* in the service asked for by God on the ground of election" (Hedlund 1991:36).

Mense wat vanuit die verbondsverhouding met God leef, moet altyd daarvan bewus wees dat hulle nie (net) die objek van die verbond is nie, maar dat hulle veral die subjek is van God se liefde en genade, en dat hulle 'n definitiewe roeping en taak het in hierdie wêreld. Israel het in gehoorsaamheid op die verbond gereageer deur aanbidding en diens. Die kerk sal ongehoorsaam wees as hy op die verbond reageer slegs deur aanbidding. "The church is always in danger of pursuing one at the expense of the other. Worship without

service appears hypocritical. Service without worship becomes secular. Witness is lost if either is missing. Both are necessary to a true faith response" (Hedlund 1991:61).

Israel is nie net deur God uitgekies nie. Hy het hulle ook aan Homself verbind deur die verbond. Die verbond is nie 'n kontrak, soos wat dikwels daarna verwys word nie. Die verbond is uit-en-uit 'n vrye genade-handeling van God met die mens. "In its initial form as given to Abraham, it is simply a free promise of universal blessing that is to embrace all the nations (Gal 3:8). It is not a contract that offers a conditional promise, provided that the law is kept. The law is not part of the covenant (Gal 3:15-18)" (Newbigin 1995:74). Hierdie verbond word opnuut voortgesit in die sakramente. Die doop is wel die teken van die verbond en die inlywing in die kerk, maar saam met hierdie teken moet ook 'n lewensverandering deur God plaasvind. Die teken alleen kan my nie red en deel maak van die verbond nie (Rom 2:25-29) (vgl Gittins 1993:7).

Die verbond vind dus sy vervulling in die Here Jesus Christus. Eerstens het Hy Homself in sy barmhartigheid sonder reserwe weggegee (Fil 2), en tweedens het Christus Homself aan die verlorene en ellendige gegee om hom te red en hom te behou (Luk 15; 19:10). Derdens het Christus in sy barmhartigheid sonder sensasionele reklame opgetree (Matt 6:1-4). Vierdens het Christus deur Woord en daad ook die terrein vir die barmhartigheidsdiens aangetoon (De Klerk 1978:12-14). Christus, die Vervuller van die verbond, is ook die Verlosser. As Vervuller en Verlosser bemagtig Hy ons deur sy Gees as verbondskinders, om die verlossing te verkondig en as voorbeeld te leef vir die wêreld. "The covenantal paradigm affirms that the world we serve and for which we care, is a world yet to be liberated. A theology of covenanting is not worth the effort unless it leads to energy and courage for mission. ... And the mission of the believing community is to articulate, anticipate, and practice the transformation that is sure to come" (Brueggemann 1994:50).

Die belangrikste en mees diensbare wat die kerk kan doen, is om nie hoop op te gee met die wêreld se transformasie nie. Jesaja wys vir ons duidelik dat die wêreld verander word (Jes 52:13-53:12) deur een wat misvorm is (Jes 53:2-3), en sy misvorming is "vir baie".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op dieselfde manier kom sê Jesus by die instelling van die nagmaal dat "sy bloed vergiet is vir baie" (Matt 26:27-28). Hierdie verandering strek verder as net die onmiddellike omgewing van die kerk, want God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Enigste Seun gegee het om die verbond te vervul, wat lui: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7) (vgl Van Engen 1996:77).

Daar is verskillende standpunte rondom die interpretasie van die verbond. Van Engen (1996:79) beskryf die verbond se "progressive nature" as 'n reeks hermeneutiese sirkels wat soos 'n hermeneutiese spiraal deur tyd beweeg. Hy gebruik veral twee terme om hierdie "progressive nature" te verduidelik: *kainos* en *neos* (Van Engen 1996:81). *Neos* is nuut in tyd en oorsprong, en het die volgende betekenisse: "what was not there before, what has only just arisen or appeared". *Neos* verteenwoordig die idee van 'n radikale breek en 'n nuwe begin. Die gebruik is egter vreemd aan die Nuwe Testament (Matt 9:17; Luk 5:39; 1 Kor 5:7; Ef 4:23; Kol 3:10 en Heb 12:24). Dit is net in Heb 12:24 waar die term spesifiek ten opsigte van die verbond gebruik word.

*Kainos* se betekenisveld is meer dit wat nuut en onderskeibaar is. "What is new in nature, different from the usual, impressive, better than the old, superior in value or attraction". Dit is ook die term wat die meeste vir "nuut" gebruik word in die Nuwe Testament, en spreek van 'n voortgang te midde van verandering (Mark 16:17; Luk 22:20; Joh 13:34; Rom 6:4; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6; 5:17; Gal 6:15; Ef 4:24; Heb 8:8;9:15; 2 Pet 3:13; 1 Joh. 2:8; Op 2:17; 3:12; 21:1). Jesus gee byvoorbeeld 'n *kainos,* 'n nuwe wet, naamlik: "om lief te hê" (Joh 13:34), maar dit was nie werklik nuut nie. Ons vind dit reeds in die Ou Testament. So help hierdie model met nuwe voorstelle vir ou probleme. Dit help om nie in sekere slaggate van kontekstualisering te val nie.

> The *kainos* understanding of the covenant will provide a continuity with the history of revelation, which protects the church in all contexts from syncretism. … The *kainos* understanding of the covenant can provide a major touchstone whereby God's revelation in each culture, though contextually relevant, can be revelationally consistent with that which has previously been known about God (Van Engen 1996:84).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die anderkant lewer dit 'n nuwe bydrae in veranderende konteks.

Brueggemann (1994:13-42) huldig die standpunt dat ons met meer as een verbond te doen het. Hy wys baie duidelik dat ons met twee verbonde te doen het in die Ou Testament, naamlik die Abram-Dawidverbond en die Mosesverbond. Hy wys ook duidelik dat die verskillende verbondstradisies in verskillende streke gefunksioneer het, nl die Abram-Dawidtradisie in die Suidryk, en die Moses-tradisie in die Noordryk. Tog is die verskille tussen die tradisies meer kultureel en sosiologies as geografies van aard. Wat egter van belang is vir hierdie studie, is dat hy daarop wys dat die verbond (beide tradisies) sekere sosiale implikasies vir Israel ingehou het in verskillende tye.

Dit wil tog voorkom asof die bogenoemde twee standpunte (Van Engen en Brueggemann) nie heeltemal teenoor mekaar staan nie, maar wel versoenbaar is. Dit blyk tog dat daar sekere verbande getrek sou kon word tussen Van Engen se n*eos* en *kainos* gedagtes en Brueggemann se "process" en "liberation" hermeneutiek. Die vyf tydperke wat Brueggemann onderskei, sluit goed aan by Van Engen se gedagte van die verbond se "progressive nature" wat soos 'n hermeneutiese spiraal deur die tyd beweeg.

In die verbondsverhouding is God in elke situasie, en met elke nuwe geslag, op 'n nuwe manier betrokke maar tog ook altyd op dieselfde manier: vanuit sy liefde en genade (Hedlund 1991:62).

Dit is duidelik dat die verbond van die begin af alle mense in die oog het. Die belofte aan Abram "*in jou sal al die volke van die aarde geseën wees*" (Gen 12:3), word telkens weer herhaal (Gen 18:18; 26:4; 28:14). Dit is opvallend dat, in die laaste twee gedeeltes, die volke *in die nageslag* van Abram geseën sal word. Hier tree die korporatiewe aspek van die verbond duidelik na vore. Van Selms (1984:178) merk dan heeltemal tereg op: "Hier komt aan het licht, dat de uitverkiezing, ofschoon tijdelijk een beperking, uiteindelik het geheel op het oog heeft..."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk ook baie duidelik dat "om tot seën" te wees ook meer inhou as net woordverkondiging (kerugma). Om tot seën te wees, vra dat ons ook sal uitgaan om te dien. Die verbond lê die verantwoordelikheid van omvattende Woordbediening op ons as gelowiges. "Service which is theocentric will seek to reflect the nature of God as well as the needs of society. Humanitarian service alone is not the mission of the people of God. The service which God demands includes witness. It seems more biblical (and evangelical) to define mission as 'mission = witness + service'..." (Hedlund 1991:38).

Die riglyne wat vir die verbond geld, sou net so kon geld as missionêr-diakonale riglyne. De Klerk (1978:9-11) dui aan dat die verbondsverhouding bepaal word deur die verbondswet wat God aan sy volk gegee het. Daarom kan 'n boek soos Deuteronomium bekend staan as *'n diakonale credo*. Juis hier waar dit gaan oor die wet, vind ons die riglyne vir die dienswerk en struktuur van die kerk.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat word aan die gemeente as broedergemeenskap gegee.

Waar nood is, behoort verby eie belang gekyk te word om die ander te help, en na sy welsyn om te sien (Deut 15:2, 3, 7, 12; 23:19; 24:14, Lev 19:17; 25:25, 36). Dit is as gevolg van die eenheidsbinding deur die genadeverbond dat die volk van die Here so moet optree. Ons vind reeds hier 'n voorspel op die Nuwe-Testamentiese liefdesgemeenskap, wat verplig is tot die diakonale diens van barmhartigheid teenoor mekaar.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat vereis van die gemeente om as broedergemeenskap te wandel in die gesindheid van diens.

Die diensgesindheid word steeds bepaal deur die voortdurende besef dat die Here uit vrye genade verlos het (Deut 15:15; 26:6, Deut 24:14-22; Lev 19:34,36). Maar tweedens ook deur die voortdurende besef dat hulle, met alles wat hulle het, die eiendom van God is (Lev 25:17). Die reformatoriese beginsel van *"sola gratia"* vind ons dus alreeds hier. Nêrens word die diakonia in die Skrif gemotiveer vanuit eie vroomheid nie.

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat toon aan die gemeente hoé om as broedergemeenskap te wandel teenoor die voorwerpe van diens.

Die voorwerpe van diens is hulle "wie geen helper het nie" (Ps 72:12). Wie is hulle?

- die weduwee en die wese (Deut 24:17,18; Ps 68:6);
- die verarmde volksgenoot en broeder ( Deut 15:11; Deut 15:7, 8; 24:14);
- die leviet wat nie brood het nie (Deut 12:19; 14:27-29);
- die slaaf (Deut 23:15,16); en
- die vreemdeling (Lev 19:10,33-34; Deut 24:17-19).

- Die verbondswet / Missionêre Diakonaat toon aan die gemeente hoe om as broedergemeenskap te wandel t o v die reëling van die diens.

Gewortel in God se barmhartigheid, en gerig op die menslike nood, moet die diens op 'n ordelike wyse geskied:

- Reg moet op 'n onpartydige wyse geskied (Lev 19:15; Deut 16:18-20).
- Die insameling van die tiendes moet die Leviet wat verwaarloos is, ten goede kom (Deut 14:29).
- Die oesland en die wingerd moet nie kaal afgeoes word nie, iets moet vir die arme nagelaat word (Lev 25; Deut 24:17-22; Lev 19:9, 10).
- Met jubeljaar geld die kwytskelding van skulde en loslating van slawe (Lev 25; Deut 15).
- Woekerwinste en ander vorme van uitbuiting mag nie plaasvind nie (Lev 19:13; 5:36; Deut 24:6,14-18).

Die orde van die *diakonia* is 'n lewenshouding waarin ander mense deel (Deut 15:11) en waarin ook die diere van die veld deel. Dit is 'n ontferming waarin daar 'n jammerte is vir die dier (Eks 23:10; 34:26; Deut 25:4); 'n ontferming waarin die land en die akkers deel, sodat roofbou nie toegepas word nie (Lev 25:3); selfs die bome moet opgepas word (Deut 20:19) (De Klerk 1978:9-11). Reeds in die verbondsverhouding met God word die mens in verhouding tot die ekologie geplaas.

Die verbond lê op die mens die geweldige verantwoordelikheid om God se verteenwoordiger te wees in woord en daad. Dit kan alleen gedoen word in navolging van Christus, deur selfontlediging voor God en ons naaste, deur die rol van 'n dienskneg aan te neem. Ons het niks wat ons uit onsself kan bied nie. As ons in diens wil uitreik na ander (Missionêre Diakonaat), kan ons dit alleen doen wanneer ons in 'n verbondsverhouding met God leef, omdat ons verseker is dat ons ook deur Hom bemagtig is vir die die taak waarvoor Hy ons geroep het.

## 4. ESKATOLOGIE AS VERVULLINGSBELOFTE VAN MISSIONêRE DIAKONAAT

In die eskatologie handel dit nie net oor God nie, maar ook oor die skepping. Dit is hier waar die Koninkryk van God 'n beslissende rol speel, want in die eskatologie gaan dit om niks minder as juis die Koninkryk van God wat in die volle sin van die woord aanbreek nie. Daar kan nooit oor die eskatologie gepraat word los van die Koninkryk nie. Om deel te hê aan die Koninkryk van God, beteken dat daar in 'n verbondsverhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees geleef word (vgl Berkouwer 1972:13).

Dit is duidelik dat dit in die eskatologie nie alleen gaan oor die toekoms nie, maar dat dit ten nouste verweef en verbind is aan die hier en die nou. Hier sal slegs gepoog word om vanuit die eskatologie enkele riglyne te trek vir die Missionêre Diakonaat. W Nicol (1984) het in sy doktorale verhandeling waardevolle riglyne ontwikkel waarop veraan teruggekom sal word.

Die bedoeling van die Missionêre Diakonaat is om vir die wêreld hoop te gee deur telkens iets van die Hoop aan die wêreld te openbaar. In die eskatologie gaan dit juis om die vervulling van die hoop in die Hoop. Daarom sal die Missionêre Diakonaat altyd uitgaan van 'n eskatologiese prediking in die struktuur van die Koninkryk. In die eskatologiese verwagting kan die Missionêre Diakonaat nooit losstaan van God se handelinge in die verlede nie (vgl Berkouwer 1972:12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die primêre wyse waarop die kerk die krag van die eskatologie moet laat inwerk, is deur die verkondiging. Daarom kan of mag die kerk geen kompromieë in die verkondiging van die Woord aangaan nie. Op dieselfde wyse as wat Christus aan ons die nagmaal gegee het om die verkondiging te versterk, word die verkondiging ook versterk deurdat die kerk tekens van die Koninkryk oprig. Die heil is ook deur die dade van die kerk werksaam. Die feit dat die Koninkryk nog nie gekom het nie, impliseer dat die ou wêreld nog bestaan, en dat Christene daarin leef deur verantwoordelikheid vir die lot van hul medemense te aanvaar. So is die lewe van Jesus, waarin verkondiging en diens verweef is, 'n aanwysing dat dit tot die wese van die evangelie behoort (Nicol 1984:219).

Die kerk, en die Missionêre Diakonaat van die kerk, staan nie in diens van die voorsienigheid nie, maar van die heil. Daarom staan dit nie onder die verpligting waaronder die staat staan om die ou wêreld te beheer nie, en kan die kerk in vryheid getuig en tekens van die Koninkryk oprig. Die kerk kan en moet vir die waarheid getuig, al lyk dit nie of iemand dit sal aanvaar nie. Die kruis beteken juis dat die kerk se krag in sy swakheid lê, in sy opregte getuienis, wat nie op die oorredende krag van sy woorde staatmaak nie, maar op die krag van die Gees (1 Kor. 1-2) (Nicol 1984:217).

Wanneer op God gehoop word, word beslis nie op voorspoed gehoop nie. Daarom mag die Missionêre Diakonaat ook nooit in die voorspoedsteologie verval nie, maar moet dit rekening hou met die realiteit waarin die evangelie verkondig word. Missionêre Diakonaat kan dus ook nie net van plek tot plek gedupliseer word nie. Wanneer daar gepoog word om mense so ver te bring om op God te hoop, moet besef word dat sy weë nie ons weë is nie, en dat ons insig ontsettend gebrekkig is. Daarom kan en mag nooit op gunstige toestande of persone gehoop word nie, maar kan alleen gehoop word op die onbegryplike, lewende God, want Hy is die *eschatos* en die *telos*. Hy is die Hoop (vgl Nicol 1984:233).

Ook eskatologiese hoop kan onverstandig en liefdeloos raak, wanneer dit nie besef hoeveel mense moet ly op pad na 'n ideaal nie. Aan die anderkant is liefde sonder hoop ook gebrekkig, omdat dit net nood verlig, sonder om te hoop vir 'n beter toekoms en te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werk aan die wysiging van die maatskaplike strukture wat die nood veroorsaak. Uit al hierdie gesigspunte blyk duidelik dat die hoop gelowiges tot beweging en aksie aanspoor (Nicol 1984:235).

Die hoop van die kerk is nie van groot veranderinge in die kerk en samelewing afhanklik nie. Natuurlik bestaan die moontlikheid daarvoor, en sal dit wonderlik wees wanneer dit gebeur. Die hoop wat die kerk moet kan raaksien, is dat daar reeds tekens van al hierdie dinge waarvoor ons hoop, te sien is in die wêreld, maar veral ook in die kerk van Christus. Al is sommige van hierdie tekens so klein soos 'n mosterdsaadjie, mag ons hulle nie minag nie, want ons weet dat die tekens van God se werk in die kerk met besondere krag en invloed gevul is – dink maar aan die brood en die wyn. Sonder om dromers te word, kan ons dus werklik 'n hoopvolle visie hê vir die toekomstige rol van die kerk en die Missionêre Diakonaat in hierdie land (vgl Nicol 1984:237).

Die eskatologie is deel van die Koninkryk, wat reeds deel is van hierdie wêreld. Daarom moet die eskatologie nou reeds vir ons hoop en nuwe insigte in hierdie wêreld gee, en moet die Missionêre Diakonaat ons help om tekens van die Koninkryk (van hoop) op te rig. Dit sal vra dat ons krities na die samelewing sal kyk, aangesien maatskaplike strukture altyd in 'n mindere of meerdere mate geïnstitusionaliseerde selfsug is. Maatskaplike groepe neig om vaste struktuur aan hul selfbevoordeling te gee, want dan kan dit nie meer so maklik bevraagteken word nie. Al die mense wat tot 'n samelewing behoort, is in so 'n groot mate van mekaar afhanklik dat selfsug van een groep noodwendig, tot verontregting en lyding van die ander groepe aanleiding gee. Die eskatologiese liefde sien dit raak, en staan dus besonder krities teenoor die strukture van onreg (vgl Nicol 1984:274). Die Missionêre Diakonaat poog juis om hierdie onreg en lyding uit die weg te ruim deur met 'n hoopvolle toekomsgerigtheid en 'n onvoorwaardelike gehoorsaamheid in die hede te werk te gaan.

Oor die eskatologie en die hoop kan alleen maar saam met die Hebreër skrywer getuig word: "Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie. Maar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon, op grond van sy lyding en dood" (Heb 2:8b-9a).

## 5. ENKELE GEVOLGTREKKINGS VIR DIE MISSIONêR-DIAKONALE BEDIENING

Smit (1988a:40) wys daarop dat die bediening/*diakonia* van die kerk een bediening van die Evangelie van die Koninkryk is. Hierdie enkelvoudige bediening het egter verskillende gestaltes. Vanuit die Koninkryks- en verbondsperspektief is daar slegs 'n tweërlei gerigtheid:

- vanuit die verbond: verbondsuitbou en verbondsopbou; en
- vanuit die Koninkryk: koninkryksvermeerdering en koninkryksbewaring.

Die uitbou en die opbou, die vermeerdering en bewaring, staan nie teenoor mekaar nie, in werklikheid kan die een nooit sonder die ander nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 9

# 'N MISSIONêRE EKKLESIOLOGIE

## 1. INLEIDING

Wat ons verstaan van die kerk sal ons hele missionêr-diakonale ingesteldheid bepaal. Stephen Neill maak die volgende oordeel "The problem of mission cannot be discussed *in abstracto;* it becomes intelligible only as the mission of the Church" (Yates 1994:127). Dit is onmoontlik om ekklesiologie te ignoreer in die kommunikasie van die evangelie, "for the gospel does not come as pure message but issues from, and gives rise to, specific communities; and such communities will adopt certain characteristics which they believe express the gospel in churchly form" (Yates 1994:127). In die lig van die bogenoemde is dit belangrik dat in hierdie hoofstuk hoofsaaklik stilgestaan sal word by die ontwikkeling en ontstaan van die kerk, die identiteit van die kerk, taak of roeping van die kerk, asook die vraag na die eenheid van die kerk. Hier sal nie gepoog word om 'n volledige ekklesiologie te beskryf nie, maar slegs om 'n bepaalde perspektief op die kerk te gee.

## 2. OORSIGTELIKE BESKOUING OOR DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KERK

### 2.1 Roeping tot diens

God het van die begin af gekies om met die mens gemeenskap te hê. Dit is nie toevallig dat die eerste vraag in die Bybel aan die mens: "Waar is jy?" (Gen 3:9), is nie. God is die God wat soek. Van die begin af gebruik Hy ook mense om na mense te soek, byvoorbeeld Gen 4:9: "Waar is jou broer Abel?" So het God regdeur die geskiedenis mense gekies om "tot seën" te wees. Ons kan dus nie die sendinggedagte in die Ou Testament losmaak van die (uit)verkiesingsgedagte of reddingsgedagte nie. Heilshistories gesien begin die heilslyn by Adam. God openbaar Homself aan Adam met die bedoeling dat die heil van God deur hom sal vloei na die ganse mensdom. Deur die sondeval faal hy in hierdie roeping. Deur die verkiesende genade van God bly daar 'n genadelyn loop deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die geskiedenis tot op Jesus Christus, die tweede Adam. Die genadelyn loop deur die geslag van Set, Noag en Abraham, om uit te loop op die verkiesing van Israel. Ook Israel faal deur ongehoorsaamheid. Maar deur getroues in Israel hou God die genadelyn in stand sodat dit uitloop op Jesus, wat sy dienswerk volmaak uitvoer. Van Jesus Christus af loop die verkiesingslyn deur Sy kerk op aarde. Die kerk is uitgekies om dienaar en getuie van Christus te wees tot aan die uiteindes van die aarde en tot aan die einde van die tyd (Crafford 1966:3).

Deur die kerk wil God sy heilswil bekend maak aan die ganse wêreld. Vanaf Adam tot by Israel het dit nie verder gekom as die bewaring van die genadelyn te midde van die verdorwe geslag nie. Vanaf Christus, deur sy kerk op aarde, kan gepraat word van die kragtige uitvloei van die genade van God in Christus na die eindes van die aarde (Crafford 1966:4). Israel se verkiesing beteken nie dat Israel God se lieflingsvolk is nie. Israel is verkore tot diens, "om tot 'n seën te wees vir die nasies". Die verkiesing is dus nie so seer 'n voorreg nie, maar 'n verantwoordelikheid. Israel se verkiesing was 'n verkiesingsknegskap. Uit Jes 42 en die ander Knegliedere is dit duidelik dat die knegskap 'n besondere doel het, nl dat Jahwe in Israel verheerlik word (Jes 49:3). Dit geskied as Israel 'n lig is vir die nasies (Jes 42:6 en 49:6).

Die vraag is of daar 'n verband is tussen die knegskap en die missionêre roeping (Jes 42:1-6 en 49:1-6). Crafford (1966:8) maak hier gebruik van die eksegese van J Martin-Achard, en kom dan tot die gevolgtrekking dat ons hier nie te doen het met 'n missionêre roeping in die sin van uitsending na die nasies nie. Israel se taak is eerder om soos 'n spieël die heerlikheid (lig) van God te weerkaats na die nasies. Dit is wat die begrip "lig vir die nasies" beteken in Jes 42:6 en 49:6. Israel leef vir die nasies in sover Jahwe in hom leef.

Die Ou-Testamentiese sending is meer sentripetaal, terwyl die Nuwe-Testamentiese sending meer sentrifugaal is. Tog is dit nie 'n òf òf nie, eerder èn èn. Israel se knegskap het 'n baie duidelike missionêre faset, met die voorbehoud dat ons missionêr hier verstaan as sentripetaal missionêr. Alleen as kneg van Jahwe kon Israel aan hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



roeping voldoen, die heerlikheid en heiligheid aan die nasies vertoon, en so die Naam van Jahwe verheerlik (Jes 49:3).

Ons vind in die Nuwe Testament dieselfde werkswyse deur God, naamlik dat Hy mense, individue en groepe kies om die draers van die evangelie te wees. So kies Hy bv die twaalf dissipels, en later die kerk. Die verskil hier is dat die mense nou baie pertinent gestuur word om uit te gaan en tot seën te wees vir die nasies. Tog het hierdie opdrag ook nog altyd die kerk in die verleentheid geplaas.

> Immers de empirische kerk zit op een schrikbarende wijze gevangen in de klauwen der routine en der conventie, in den verstikkenden greep van kleinburgerlijke beheptheid, bangheid en hardheid, indien van verscheuring, separatielust en reorganisatie-nood. En door het alles heen is wel het grootste nood, dat het goddelijk Woord, dat de Kerk heet te dienen en te bedienen willekeurig, krachteloos, dood, elkaar op kern punten tegensprekend, verkondigd wordt (Kraemer 1945:23-24).

Dit is duidelik dat die doel van die kerk is om God te verheerlik. God kan alleen in die kerk verheerlik word wanneer sy "lig" na die nasies weerkaats word om vir hulle tot seën te wees. Om hierdie rede is sending van die vroegste tye af in die Gereformeerde kerke gesien as groei van die plaaslike gemeente.

Sedert 1857 het daar egter 'n nuwe sendingbegrip by die Ned Geref Kerk posgevat. Kerkregtelik en institusioneel is ruimte gemaak vir die stigting van afsonderlike gemeentes, en nie vir die groei van die sendende gemeente nie. Die noodwendige verband tussen sending en gemeentegroei is verbreek. Hoewel die sending van krag tot krag gegaan het, deurdat die probleem van kulturele diversiteit by wyse van afsonderlike kerkverbande aangespreek is, het iets wesenliks in die slag gebly. Daar het 'n kraak in die fondament van die een, heilige, algemene, Christelike Kerk gekom. Die ontwikkeling van hierdie sendingbegrip in die Ned Geref Kerk, en die aanpassing daarvan by die gangbare praktyk, het teologiese konsekwensies gehad, wat eers baie later ingesien is. Dit vra vandag om herwaardering. Die doel van sending is al meer gesien as die planting

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of stigting van inheemse kerke. So verword sending dan in die Ned Geref Kerk al meer tot diens in die "sending-" of "dogterkerke", of hulpbetoon aan hierdie kerke, of skakeling met hierdie kerke (vgl Henning 1996). In hierdie geval sou Kraemer se standpunt (wat in 'n heel ander verband gemaak is), tog van pas wees:

> Men viert deze separatielust zelfs bot, ook tegenover diegenen met wie men in de centrale waarheidsvraag niet verschilt. Secundaire verschillen worden zoo, ten koste van de eenheid in Christus, tot onoverbrugbare kloven gemaakt. M a w de menschlijke eigenzinnigheid, het verabsoluteeren van gevoelens en inzichten, die de eenheid in Christus niet raken, vieren hier hoogtij, en verschansen zich in godsdienstige hartstocht (Kraemer 1945:32).

## 2.2 Kerklike ontwikkelingsmodelle uit die Ou Testament

Brueggemann (1994:266-272) hou drie kerklike modelle voor vanuit die Ou Testament:

Die eerste tydperk kom uit die periode van Moses tot Dawid, 1250-1000 vC, met die volgende kenmerke:

- Die lewe en geloof van Israel is gevorm deur die Eksodus liturgie, wat bely dat God hulle geroep het na 'n morele en konkrete breek met die strukture en lewenspatrone van die dag. Hulle is geroep tot 'n alternatiewe gemeenskap.
- Die ontmoeting \ verbondsluiting by Sinai lei tot 'n eindelose proses van interpretasie en herinterpretasie van die Torah waarin Israel hulle geloof herartikuleer in die praktyk en in die lig van die bevryding.
- Israel het geen stabiele instituut; simpatieke, gevestigde leierskap, of profetiese stem nie.
- Anders as in die monargale tydperk was Israel in hierdie periode nie 'n eenheid nie. Dit was verskillende gemeenskappe gebind deur 'n gesamentlike verbintenis tot Israel se storie en 'n sosiale passie.
- Die gemeenskap van die vroeë Israel was 'n marginale sosio-ekonomiese gemeenskap. In die wildernis leef hulle van brood uit die hemel en water uit die rots, hulle het geen gewaarborgde en bestuurde hulpbronne nie.

Brueggemann (1994:268) wys dan daarop dat Israel op die mees radikale wyse 'n nuwe kerk is wat begin word. "A new church start here means the planting of an alternative community among people who were ready to risk and who shunned established social relations, because such resources and patterns inevitably led to domestic bondage".

Die tweede tydperk is die tempel tydperk, of die monargale periode. In terme van 'n beeld van kerkwees vanuit 'n Ou-Testamentiese perspektief het hierdie model dominant geword, aangesien dit goed inpas by ons goed gevestigde, kultureel aanvaarde kerke. Kenmerke van die tydperk is:

- Daar was sigbare, legitieme, aanvaarde, stabiele en goed gefinansierde godsdienstige stukture, met erkende en versorgde leierskap, naamlik die tempel en die priesterorde. Die rol van die stabiele tempel vir die model van kerkwees kan moeilik oorskat word.
- Die siviele leiers in die vorm van die konings was verbind tot dieselfde teologiese oortuigings as die gevestigde godsdienstige strukture van die tempel. Dit was nie vreemd om die priester in die paleis te sien nie, net so was die koning se betrokkenheid by die tempel ook nie vreemd nie (2 Kon 22).
- Die leierskap van die tempel het ook 'n *intelligentsia* gevorm wat deel was van die burokrasie, asook 'n gedeeltelike drukgroep van die hoër opvoeding.

  > This intelligentsia, however, exercised considerable freedom and imagination that drifted toward (a) autonomous reason and (b) support of state ideology. That is, established religion served well the stabilization of power and knowledge for some at the expense of others (Brueggemann 1994:264).

- Aansluitende by die gevestigde tempelleierskap (priesters) en die goedgesinde regering wat die tempel ondersteun, vind ons die getuienis van die profete, wat gereeld 'n meer hartstogtelike, radikale en suiwerder visie van Israel se geloof deurgee.

Die derde tydperk, die ballingskap\na-ballingskap periode, vertoon die volgende kenmerke:

- Die geloofsgemeenskap het min invloed op die politiek gehad, polities het hulle irrelevant geraak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Die versoekings vir kulturele sinkretisme en die verdwyning van 'n eie identiteit was 'n realiteit, veral in die Hellenistiese periode.

In die lig van die bogenoemde twee punte, moes die gemeenskap baie hard werk aan hulle kultureel-linguïstiese infrastruktuur. Daar was veral drie belangrike strategieë:

- Hulle het hard gewerk aan die herontdekking van hulle herkoms. Die primêre bewys hiervan in die Ou Testament is die uitgebreide geslagsregister (vgl Brueggemann 1994:271).
- Die tweede strategie was die intense uitleef van hoop. Die redenaars in die gemeenskap het altyd hulle gedagtes gevul met die konkrete beloftes van God. Die retoriek van hoop vind ons veral in die apokaliptiese literatuur.
- Die derde strategie was dat die gemeenskap teruggekeer het na die teks, die Woord. Daarom was die tyd rondom die ballingskap ook die tyd wat die Ou-Testamentiese kanon in 'n groot mate gevorm is. Dit was die tyd wat die Sinagoge ontstaan het, en die rabbi's na die voorgrond getree het, wat die onderwysers van die tradisie was.

In die lig van die bogenoemde maak Brueggemann die baie belangrike opmerking wat in gedagte gehou moet word: "There is no single or normative model of church life. It is dangerous and distorting for the church to opt for an absolutist model that insists upon in every circumstance... Every model of church must be critically contextual" (Brueggemann 1994:264).

### 2.3 Kerklike ontwikkelingsmodelle uit die Nuwe Testament en daarna

Wanneer na die kerklike ontwikkeling in die tydperk van die Nuwe Testament en daarna gekyk word, is daar duidelike ooreenkomste met die ontwikkeling van Brueggemann uit die Ou Testament.

Loren Mead (1991) beskryf in sy boek *The once and future church* drie paradigmas in die verloop van die kerk se geskiedenis. Eerstens was daar die *Apostoliese Paradigma,* wat gekenmerk is deur die helderheid oor die grens tussen kerk en wêreld. Die missie van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk en die getuienistaak van elke gelowige was duidelik. De Jong (1980) beskryf hierdie tydperk tot 312 onder die opskrif "De vroege kerk".

Die ooreenkomste tussen hierdie en die Ou-Testamentiese tydperk van Moses tot Dawid is baie duidelik. Die geroepenheid tot 'n alternatiewe gemeenskap staan voorop. Netsoos wat die interpretasie en herinterpretasie van die Torah Israel se geloof in die praktyk gevorm het, vind ons dat die interpretasie en herinterpretasie van die gebeure rondom Christus se sterwe en opstanding, en die implikasies van die bevryding, gedurende die apostoliese tydperk die geloof vorm. Anders as gedurende die volgende periode bestaan die kerk nie werklik as eenheid nie, maar uit verskillende gemeenskappe wat saamgebind word deur die verlossing van Christus. Netsoos Israel van vroeër, was die kerk ook 'n marginale sosio-ekonomiese gemeenskap.

Die tweede paradigma wat Mead beskryf is die *Christendom Paradigma*. Dit was die Konstantynse era, waar die grense van die kerk se sending na die imperiale uitbreiding verskuif het. Dit het die karakter van die plaaslike gemeente verander van 'n doelgerigte getuienismag na 'n soort streeksgebonde onderhoudseenheid, waarin gebede en materiële steun vir sendelinge in die vreemde georganiseer is. Terselfdertyd het die gemeente se toespitsing op lidmate verander van die van toerusting van gelowiges (die priesterlike taak), na die kweek van mense wat lojaal aan die kerk en gehoorsaam aan die staat is. De Jong (1980) beskryf hierdie tydperk onder die volgende opskrifte: 312-1100 as "De Staatskerk", en die tydperk 1100-1500 as "De Machtskerk". Die ooreenkomste met die monargale periode in Israel is so voor die hand liggend, dat hier nie verder daarop ingegaan sal word nie.

Gedurende die 16e eeu met die reformasie, lyk dit of die volk van God herstel word. Ons sien egter ook 'n ander reformasie nl die outonomie van die mens.

> In die 18e en 19e eeuw verliest de Kerk de zin van haar ware historische en kosmische zending. Wat ernstig is: zelfs de gedachte van't volk Gods houdt op een waarheid te zijn, die werking uitoefent. Godsdienst wordt een persoonlijke aangelegenheid. De Kerk wordt een verzamelpunt van zielen, die hun heil op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geheel individuele wijze zoeken. Het volk van God houdt op een volk te zijn, houdt op een herkenbaar wezen te hebben, een hechte gemeenschap te vormen (Visser't Hooft 1943:24).

Die individualisme, die privatisering van die geloof, gee aanleiding daartoe dat daar 'n geestelike vakuum ontstaan wat die kerk nie probeer vul nie. Die kerk bied slegs 'n boodskap aan die massa wat behoefte het om weer deel te wees van 'n orde. Die kerk bied slegs religieuse idees aan mense wat 'n honger het na 'n konfrontasie met 'n magtige werklikheid. Die kerk leef nie uit die seker wete dat hulle volk van God is, 'n nuwe skepping, wat die wêreld reeds oorwin het nie. "Moet men zich dan verwonderen, dat de nationale messianismen de massa trekken en dat de leringen van heilige volken de ware godsdiensten van onze tijd worden? … God hangt dus van het leven der aardse volken af. Het aardse volk is doel in zich zelf, God is slechts een middel" (Visser't Hooft 1943:27).

Hierdie sou die begin van die derde paradigma wees waarna Mead verwys, en is volgens hom nog in proses. Die sendingveld het teruggeskuif na die spreekwoordelike voordeur van die kerk (plaaslike gemeente), soos in die apostoliese tyd, met die verskil dat die konteks totaal en al anders is as in enige van die vorige twee tydperke. Indien ons slegs let op die opskrifte waaronder De Jong (1980) hierdie tydperk beskryf, is die versteurdheid in die kerk baie duidelik. Hy doen dit onder die volgende hoofde: "De Scheurende kerk" (1500-1600), "De Bevoogde kerk" (1600-1775), "De Betwijfelde kerk" (1775-1914), en "De Bestreden kerk" (1914 – huidiglik). Dit is juis in hierdie derde fase waar Brueggemann se insigte rondom die na-ballingskap periode ons geweldig kan help.

Israel se reaksie op die na-ballingskap periode was drieërlei:

- Hulle het hard gewerk aan die herontdekking van hulle herkoms (identiteit).
- Hulle het hulle hoop intens uitgeleef. Hulle het gedurig hulle gedagtes gevul met die konkrete beloftes van God (roeping).
- Die geloofsgemeenskap het teruggekeer na die teks, na die Woord.

Mead se gevolgtrekkings oor wat die kerk te doen staan (Smit 1995:19), toon sterk ooreenkomste met dié van Brueggemann nl

- Die (her)ontwikkeling van die amp van die gelowige, asook die herontwerp van die rol van die predikant (identiteit).
- Die funksionering van die kerkverband in sy oorsigtelike en administratiewe rol (roeping).
- Die taak van teologie beoefening, 'n terugkeer na die Woord.

# 3. DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

## 3.1 Die roeping van die kerk

Kol. 1:18: "Hy (Christus) is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het..."

Wat is noodsaaklik inherent aan Christenwees? Wat is noodsaaklik inherent aan Kerkwees? Wat kan en mag die Christelike kerk nie verloor, sonder om haar identiteit prys te gee nie? Op al drie vrae pas slegs maar een antwoord: "gebondenheid aan Christus. De levenden Heer en den Verlosser der wereld, den Eenige, door en in Wien wij God kennen en Gods eigendom zijn" (Kraemer 1945:68).

## 3.2 Enkele teologiese perspektiewe (basisbegrippe)

Wanneer gepraat word oor die identiteit van die gemeente\kerk (vgl Nel 1994:1-97; Burger 1999:52-76), gaan dit in wese oor die vraag na die bestaansdoel van die kerk, en niks meer of minder nie. Wanneer 'n gemeente gekonfronteer word met sy bestaansdoel, taak en teenstanders in die wêreld, vra die gemeente nie eerstens na sy oorlewing nie. Die oorlewing van die kerk is immers in sy oorsprong, in Christus self, gewaarborg (Matt 16; NGB Art. 27). Die vraag is daarom nie hoe die kerk 'n bepaalde situasie oorleef nie, maar hoe die kerk in 'n gegewe situasie die Here en Verlosser van die gemeente op die mees effektiewe wyse kan verteenwoordig en dien. Hoe kan die gemeente in 'n gegewe situasie aan sy bestaansdoel getrou bly?

Waarom bestaan die kerk, wat is die doel daarvan? In kort kan ons sê dat, die kerk bestaan ter wille van die Een deur Wie dit tot stand gekom het. Daarom is die kerk as skepping van God ook in hierdie bedeling volledig aan God verantwoordelik. Hiermee saam kan die bestaansdoel van die kerk slegs aan die hand van sy identiteit vasgestel word. Wanneer dit oor die identiteit gaan, is die vraag: "Wie is die kerk?" Of anders gestel: "Aan wie behoort ons hart?" Die gemeente staan in verskillende verhoudings, met God, met mense (volke), met die kerkverband en ander kerkverbande, die omgewing. Die vraag sou ook kon wees watter verhouding vir die kerk die belangrikste is. Kraemer (1945:69) wys daarop dat dit slegs gaan oor waarheid en gehoorsaamheid, en nie om teologiese of kulturele vrae nie.

Identiteit is meer as bloot 'n naam of konfessionele verband. Maar hoe meet mens identiteit? Dit sou byvoorbeeld nie voldoende wees om op hierdie punt te antwoord dat daar gekyk moet word na die geloofsbelydenis of belydenisskrifte of die gemeente missie nie. Dit kan wees dat belydenisse een ding sê, maar dat die praktyk van die gemeente se lewe 'n totaal ander storie oor hulle ware identiteit vertel. Twee van die mees sentrale Bybelse metafore wat gebruik word om die kerk te beskryf, nl "volk van God" en "liggaam van Christus", wil juis 'n duidelike antwoord gee op die vraag oor wie die kerk is of aan wie die kerk behoort. Ook die metafoor "huisgesin van God" lê klem hierop. Hierdie beelde wil God se eksklusiewe gesag, sy seggenskap en sy eiendomsreg oor die kerk aandui. Netso beklemtoon die eerste gebod, "Jy mag naas my geen ander gode hê nie" (Eks 20:3), die kern van identiteit.

> Deze, wat men zou kunnen noemen, theocratische heilseconomie Gods is saamgeperst in die drie lapidaire woorden: 'Jezus is Heer', en daarom is daar onze eenige wettige grond te vinden waarom de Kerk in dezen schrikkelijken en grootschen tijd van chaos, ondergang en vernieuwing, wederopstanding en omwenteling voor de geheelde bewoonde wereld, de moed en het geloof moet vinden om zich als de eerstgeroepen dienaresse Gods te weten tot verantwoordelijke en krachtige medewerking (Kraemer 1945:101).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die getuienis van die kerk hang nie net saam met wat ons doen nie, maar ook met wat of wie ons in Christus is. Want hiermee word die kerk se geloofwaardigheid en integriteit op die tafel geplaas. Die kerk sal nie vorder met dit wat gedoen moet word, as daar nie klaarheid is oor wie ons ten diepste in Christus is nie (1 Pet 2:9). Die volgende sake rakende identiteit kan uitgelig word (vgl Burger 1999:55-62; Du Toit 1987:3-5):

- Die kerk\gemeente kan alleen bestaan uit arm-saliges, mense wat arm is aan hulleself en hulle besittings (hulle kan maar skatryk wees, maar hulle besittings bepaal nie hulle lewe nie). Die "kenosis" leer (Fil 2:5-11), om leeg te word van jouself en jou eie belange, is bepalend in die identiteit van die kerk. Die kerk wie se eie belange, tradisies en gebruike vir hom belangriker is as die Koninkryk van God, moet weer gaan besin oor sy identiteit. Die kerk\e moet arm word voor die Here, en erken dat ons maar net getuies is van die Waarheid, die Here Jesus Christus. Ons besit nie die Waarheid nie, die Waarheid, die Here Jesus Christus, besit ons.
- Die kerk\gemeente se identiteit word bepaal deur sy verhouding met God: ons behoort aan God. God is ons Skepper en Verlosser en daarom is die kerk sy eiendom. Vanuit hierdie verhouding word die oë gerig op God (Ps 123), om te sien waarmee Hy besig is, sodat die plaaslike gemeente saam met God toegewyd betrokke kan raak waar Hy werk, en nie met eie agendas besig bly nie. Dat die kerk God-bepaald is, is baie duidelik uit die beelde wat vir die kerk gebruik word: volk van God, bouwerk van God, tempel van die Heilige Gees, liggaam van Christus, bruid van Christus, ens. Die kerk word gekwalifiseer deur God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. Hierdie teologiese waarheid hou nie alleen in dat die kerk deur God daargestel is nie, maar ook dat sy hede en toekoms deur God bepaal word (Heidelbergse Kategismus vraag 1). Dit beteken dat alle oorwegings wat opkom uit gewoon aardse werklikhede (sosiale, ekonomiese, kulturele, politieke, en volksake), gerelativeer word. Die kerk mag dus geen ander dienstigheid hê as aan God nie.
- Die kerk\gemeente se verhouding met die Here is 'n baie eksklusiewe verhouding. Die implikasies hiervan is baie duidelik: 'n "ja" vir God beteken ook 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onomwonde "nee" vir alle ander "gode", lojaliteite of verhoudings wat aanspraak maak op ons hart. Newbigin wys daarop dat die gemeenskap wat Jesus as Here bely het, vanaf die begin 'n beweging was wat 'n groot rol gespeel het in die breër gemeenskap. Daar was ook ander gemeenskappe in die Grieks-Romeinse wêreld wat bestaan het uit mense met bepaalde gelowe, en gekenmerk was deur die praktiese uitlewing daarvan. Daar was spesifieke Griekse woorde wat vir sulke gemeenskappe gebruik is, maar die kerk het nooit enige van daardie woorde gebruik om homself te beskryf nie.

> It was not and it could not be, a society offering personal salvation for those who cared to avail themselves of its teaching and practice. It was from the beginning a movement claiming the allegiance of all people, and it used for itself with almost consistency the name *ecclesia* – the assembly of all citizens called to deal with the public affairs of the city (Newbigin 1995:16).

Hierdie vergadering van gelowiges het verskil van die ander deurdat dit bymekaar geroep is deur 'n veel groter gesag as die van die stadsklerk. Hulle was naamlik *ecclesia theou.*

> Its affirmation that "Jesus is Lord" implied a public, universal claim that was bound eventually to clash with the *cultus publicus* of the empire. The confession "Jesus is Lord" implies a commitment to make good that confession in relation to the whole world – its philosophy, its culture, and its politics no less than the personal lives of its people. The Christian mission is thus to act out of the whole life of the whole world the confession, that Jesus is Lord of all (Newbigin 1995:16-17)

- Die Here het die reg op hierdie eksklusiewe verhouding met die kerk\gemeente, omdat Hy hulle gered het. Die inisiatief van die verhouding tussen God en sy kerk lê by God. Hy het die gelowiges uitverkies, gered en versorg. Hy het die gelowiges aangeneem tot sy kinders. Hulle word gered op grond van sy genade (Ef 2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Die Here se reg op die kerk\gemeente word gekwalifiseer deur die feit dat Hy hulle liefhet, en dat Hy wil hê dat hulle Hom moet liefhê met alles wat Hy hulle gegee en gemaak het. Die kerk kan nie 'n lewende verhouding met God bely – en homself en ander probeer oortuig dat die verhouding in goeie orde is – as mense van buite nie iets van God se merkwaardige liefde in die kerk se optrede kan bespeur, of wanneer die kerk sy liefde en genade vir hulleself hou, asof Hy dit net vir hul kom gee het nie.

- Die kerk\gemeente bewys hulle liefde aan en vir die Here deur sy wil te doen, en sigbaar aan Hom gehoorsaam te wees (Joh 14:15, 21; Matt 7:21). Veral waar die kerk besig is om te kwyn, is dit belangrik dat daar aandag gegee sal word aan die manier waarop ons as lede van die geloofsgemeenskap saam leef. "Dit moet daarom as 'n baie donker teken vir die kerk aangemerk word as ons hoor dat ons in 'n tyd leef waarin nie veel energie is vir die ekumene en die eenheid van die kerk nie. Dit mag verraai dat ander identiteite en verhoudings tans vir ons belangriker is as ons verhouding met Christus en die mense en gemeentes wat aan Hom behoort" (Burger 1999:61).

- Die kerk is, netsoos verlossing, 'n eskatologiese werklikheid. Ons is "alreeds verlos", en ons leef reeds vanuit die verlossing maar ons is "nog nie" sondeloos nie,omdat ons nog in hierdie sondige wêreld leef. Die kerk is God se uitverkore, unieke toekomsgemeenskap midde in 'n sondige en gebroke wêreld. Die kerk bestaan uit nuutgemaakte mense wat leef volgens die Koninkrykwaardes van God. Tog leef ons in die wêreld, daarom is sonde, krisis en verdeeldheid van binne en buite die kerk deel van ons daaglikse bestaan. Dit is juis hierdie teologiese en eskatologiese karakter van die kerk wat sy eenheid aandui (Ef 4:4-6).

- Die kerk is egter nie net 'n metafisiese grootheid wat in die lug sweef, saam met die kerk se "nog nie" bestaan nie. Die kerk besit ook 'n sosiologiese dimensie.

Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat heel konkreet in die barre werklikhede van die geskiedenis leef en handel, en hulle so binne 'n bepaalde sosiologiese konteks bevind. Daarom kan en mag die kerk nooit kerk en konteks van mekaar skei nie.

- Die gemeente word opgeroep om met God te leef, binne 'n bepaalde konteks, soos wat Hy Hom aan hulle openbaar. Die kerk moet versigtig wees dat hy nie vir hom 'n afbeelding van God maak soos dit hom pas nie (vgl Eks 32). Die kerk moet bereid wees om die manier waarop hy oor Christus, oor God en oor die kerk self dink, gedurig te toets aan die Skrif, en nooit te seker te wees dat sy interpretasie korrek is nie. "Een dogma is een menschelijk, dus een onvolkomen antwoord. Het volkomen dogma zou theologia gloriae zijn en dat kan de dogmatiek der Kerk niet zijn. De kerk blijft ecclesia militans en heeft alleen theologia crucis" (Kraemer 1945:80).

**3.3 Die eenheid van die kerk**

Die eenheid van die kerk word hier bespreek, omdat dit (soos die sending) tot die wese van die kerk behoort. Daar kan nie gekies word tussen sending en eenheid nie, die enigste keuse is óf vir albei óf teen albei (vgl Saayman 1986:118-125). Waarom is die kerk nie die draer van versoening, geregtigheid en vrede nie? Die antwoord is tweërlei van aard: teoreties en prakties. Teoreties is daar geweldig baie verskille oor die identiteit en die verantwoordelikheid van die kerk. Op praktiese gebied lê die probleem grootliks by 'n traagheid om voluit gehoorsaam te wees aan die Bybelse eise vir eenheid.

Die kerk het een doel en dit is om God te verheerlik deur tot sëen te wees vir die nasies. Die kerk hoef nie te wag om gestuur te word nie, die kerk is gestuur (Joh 20:21). Uit Joh 20:22 blyk baie duidelik dat ons hierdie gestuurdheid nie in ons eie krag kan doen nie. As ons dan sê die kerk is deur God bepaal, dan kan ons nie anders gestuur wees as wat Christus gestuur was deur die Vader nie. Ons kan ook nie iets anders doen as wat Hy gedoen het nie. Ons kan dit ook nie op 'n ander manier doen as wat Hy dit gedoen het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Ons kan alleen maar ons Christenskap uitleef in absolute afhanklikheid van God ons Vader.

Dit is baie belangrik dat ons sal raaksien dat ons deur ons verkondiging van die evangelie deel kry aan dieselfde geloofsgemeenskap (1 Joh 1:5-7). Die verkondiging van die evangelie is onlosmaaklik deel van die gemeenskap van die gelowiges wat dit verkondig. Wanneer daar dan nuwe bekeerlinge kom, kry hulle deel aan Christus en so ook deel aan ons as gelowiges se gemeenskap. Wanneer ons na sommige van die vroeëre gemeentes gaan kyk, sien ons dat dit juis hierdie gestuurdheid, hierdie na-buite gerigtheid is, wat die vraag na eenheid en verskeidenheid na vore bring. Solank die gemeente na binne gerig is, was dit nooit 'n probleem nie. Johnstone wys uit hoe die vroeë kerk (dissipels, en Handelinge gemeentes) na binne gerig gelewe het. Dit verklaar die "patent failure of the Church to embrace the vision of mission. It was a failure which began with the slowness of the first disciples' inderstanding of the message of Scripture, which led to the early Church failing to understand its role" (Johnstone 1998:79).

Van die vroegste tye af was daar verdeeldheid en konflik in die kerk (bv Hand 6). Dit is egter eers wanneer die evangelie uitgedra word na ander volke dat die stryd werklik opvlam. "Konflik word in die oë van Lukas opgelos deur onderlinge verbondenheid te handhaaf – deur bymekaar te hou wat God Self bymekaar bedoel het, maar dan op 'n wyse van wedersydse tegemoetkoming en begrip. Die Godgewilde eenheid van gelowiges word ten diepste bepaal deur onderlinge liefde en bereidheid tot diensbetoning" (De Villiers 1987:33).

Die brief aan die Galasiërs kan as verdere illustrasie gebruik word, in navolging van Lategan (1987:6-22). Tot op hierdie stadium was die Joodse volk die stroombedding waarlangs God se heil die mens bereik het. Israel het 'n besondere plek onder die volke ingeneem, en was draer van God se openbaring aan die mense. Reeds in die Ou Testament was daar die besef dat God se heil vir alle volke is. Dit was ook moontlik vir 'n nie-Jood om deel te word van die Joodse volk. Dit het egter beteken dat so 'n persoon die Joodse leefwyse moes aanvaar en deur 'n proses van onderrig en besnydenis alle

voorskrifte van die wet moes nakom. Daar was ook diegene wat nie vir so 'n stap kans gesien het nie, en op die rand van die Joodse gemeenskap geleef het – die sogenaamde "godvresendes". Die Joodse leefwyse was dus in dié geval die aanvaarde norm.

Die groot verandering kom wanneer hierdie vanselfsprekende uitgangspunt vir die eerste keer bevraagteken word. Vir Paulus gebeur dit wanneer hy teen 'n al groter wordende weerstand van die Jode stuit. Wanneer hy hom doelbewus na die heidene wend, kom hy tot die verrassende ontdekking dat hulle reaksie baie meer positief is as dié van die Jode. Wanneer Paulus rekenskap gee oor sy eie bediening, is daar net een gevolgtrekking: die Joodse lewenswyse is nie 'n essensiële voorwaarde vir die Christelike geloof nie. Daarom stel hy nie die besnydenis as 'n voorvereiste om aan die geloofsgemeenskap te behoort nie. Hierdie was 'n radikale teenstelling tussen die wet en die evangelie. Daarom dat die apostels ooreenkom, in Hand 15 (vgl De Villiers 1987:23-45), dat die besnydenis as teken van die onderwerping aan die Joodse wet nie as vereiste vir die heidense bekeerlinge gestel sal word nie.

Om te sien hoe hierdie besluit in die praktyk toegepas is, moet mens gaan kyk na Gal 2:11-14. Aanvanklik aanvaar Petrus die gelowiges uit die heidendom as volwaardige geloofsgenote sonder om enige vereistes aan hulle te stel. Hy eet selfs saam met hulle. Maar as daar ander Jode bykom, verander Petrus se gesindheid. Hulle sou die Jerusalem ooreenkoms eerbiedig. Die heidene hoef nie die hele wet te onderhou nie. Maar die Jode se besnydenis kon tog nie tot niet gemaak word nie, en dus sou hulle onder die verpligting bly om die wet, asook die reinheidsvoorskrifte van die wet, te onderhou. Onder andere sou hulle dus nie saam met die heidene kon eet nie. Die gelowiges uit die heidendom mag wel as mede-Christene beskou word, maar kultiese afsonderlikheid moet gehandhaaf word. Petrus probeer die probleem ontduik deur hom eenkant te hou en hom van sy medegelowiges uit die heidendom te onttrek. Dit is duidelik dat sy verandering in gesindheid nie berus op geloofsgronde of die dieper verstaan van die evangelie nie, maar op vrees vir wat sy mede-Jode van hom sal dink. Ter wille van die vrede, en omdat hy nie aanstoot aan sommige se sterk groepsgevoel wil gee nie, probeer hy die saak stil-stil uit die wêreld help. Die feit dat selfs Barnabas hom deur Petrus laat meesleep het (Gal 2:13),

toon dat Petrus se "oplossing" groter steun onder die Joodse gelowiges geniet het as wat Paulus graag sou wou toegee (Lategan 1987:10).

Paulus skroom egter nie om hierdie huigelary bloot te lê vir wat dit werklik is nie, naamlik 'n afwyking van die reguit pad van die evangeliese waarheid (Gal 2:14). Petrus sien nie in dat hy in sy poging om sy mede-Jode te paai, sy medebroers uit die heidendom degradeer tot tweede klas gelowiges nie. Petrus se tafelgemeenskap met medegelowiges was die konkrete uitdrukking van die nuwe werklikheid wat deur die geloof in Christus tot stand gekom het (Gal 3:28). Die eenheid in Christus is die alles oorheersende werklikheid van die nuwe bedeling.

Die ironie is dat, in Petrus se poging om die integriteit van die Joodse Christene as Jode te bewaar, hy die integriteit van die nie-Joodse Christene as gelowiges in Christus aantas. In plaas daarvan dat hy hulle as volwaardige medegelowiges tot die Christendom verwelkom, wil hy eerder van hulle bekeerlinge tot die Joodse geloof maak. Hier stuit ons teen die werklike krisis in Galasië: die vraag van die eerste lojaliteit van die Christene teenoor alle ander lojaliteite van taal, kultuur ens. Dit handel dus in wese hier oor die identiteit van die kerk. Paulus werk in Gal 4:21-31 dit baie duidelik uit dat die onderhouding van die wet nie 'n voorvereiste is vir geloof nie. Paulus kyk na Abraham, Isak en Ismael as voorbeelde van *sola gratia* teenoor verdienste geloof. Die wet en evangelie is dus nie maar twee aanvullende sake wat eenvoudig met mekaar gekombineer kan word op die wyse wat Paulus se teenstanders die Galasiërs wil wysmaak nie. Die evangelie veronderstel 'n nuwe werklikheidsbegrip (vgl Lategan 1987:13-16).

Dat die eenheid vir die kerk in Antiochië baie belangrik was, blyk duidelik uit die volgende opmerking van Visser't Hooft:

> Zijn kan de positie en de ware sin van het woord: Daar waar Christus is, is de eenheid omkeren en zeggen: 'Daar waar de eenheid is, is Christus'. Dit gevaar is zeer reël en we komen het zelfs in het begin der Kerkgeschiedenis tegen. Het is van grote betekenis, dat Ignatius van Antiochië, die als eerste, om de Kerk te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> kenschetsen het woord 'katholiek' gebruikt, die eenheid zo 'n mate vergoddelijkt, dat hij spreekt van "de eenheid, die God Zelf is" (Visser't Hooft 1943:67).

Breytenbach (1987:49-59) toon aan dat Paulus in die brief aan die Korinthiërs die eenheid van die kerk baie nou verbind aan die herstel van die sakramente, as die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus. Die doop en die nagmaal is by uitstek die kerklike handelinge wat sigbare en ervaarbare uitdrukking gee aan die bo-aardse *soma christou.* Die kerk, hetsy die plaaslike gemeente, 'n bepaalde kerkverband, die kerkgenootskappe binne 'n bepaalde omgewing, of die kerk van die Here Jesus Christus, mag nie toelaat dat die feit dat ons in verskillende "kerke" is, of deur verskillende ampsdraers uit verskillende teologiese tradisies gedoop is (1 Kor 1:10-17), ons verder in groepe verdeel nie. Die doop bind ons as een liggaam saam en mag ons nie verdeel nie. Dieselfde geld vir die nagmaal. Die kerk mag nooit toelaat dat sosiale verskille tussen mense daartoe lei dat die viering van die nagmaal tot geleenthede ontaard waar elke sosiale groep sy eie maaltyd eet (1 Kor 11), en die ander groep deur die verdeeldheid beskaam word nie. Daarom val die klem weereens op die *sola gratia.* Slegs wanneer ons die genadekarakter van die sakramente beklemtoon en begryp, kan ons die sakramente herstel.

In die eenheid van die kerk gaan dit nie net om formele institusionele eenheid nie, maar om eenheid as gestalte van liefde. Hierdie liefde is die vrug van die "geloof wat deur liefde tot dade oorgaan" (Gal 5:6). Die eenheid waaroor dit in die kerk gaan, is koinonia. Tog is dit moeilik om hieruit sommer 'n direkte organisatoriese eenheid (vgl Joh 17) uit die voorbeeld van die Vader en die Seun af te lei (Du Rand 1987:128-130).

> It is always a ministry of unity and diversity. Unity and *communio* do not originate through decrees or bureaucratic regulation, but through mutual penetration and relationship, just as the trinitarian persons deeply penetrate one another (*perichoresis)...* The church must always allow itself to be corrected by its primeval image in order to remain a living church (Schaluck 2000:42).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Net so min as wat ons sigbare eenheid en organisatoriese eenheid moet vereenselwig, mag ons organisatoriese eenheid identifiseer met institusionele eenheid. Daar sou ook gesê kon word dat die ganse kerk een instelling (instituut) van die Drie-Enige God is. Dit kom tot uitdrukking in die verskillende institutêre elemente soos die een doop, een boek, een apostolaat. Tog is dit onmoontlik om van een instituut te praat vanuit die Geref Kerkreg, aangesien kerke en gemeentes nie in een vergadering (Sinode) bymekaar kom wat bindende besluite neem nie.

> Hoe zal trouwens ... de Kerk, d i niet een organisatie of conglomeraat van gemeenten, maar een echte gemeenschap zijn, als ze niet in alle gebrek, een weergave is van het eene lichaam, met de vele leden en van de vele leden, die een lichaam vormen (1 Kor 12)? Het wordt hoog tijd, dat wij ophouden met stichtelijk van dit hoofdstuk bij elke eenigzins belangrijke vergadering kennis te nemen, en met het juist en diepzinnig theologiseeren erover, terwijl ons kerklijk leven in zijn realiteit er een rechtstreeksche verloochening en overtreding van is (Kraemer 1945:49).

Behoort die eenheid van die kerk sigbaar te wees? Die leer van die Rooms-Katolieke Kerk is skerp omlyn, hulle proklameer dat die kerk as liggaam van Christus terselfdertyd 'n geestelike en sosiale werklikheid is. Die twee aspekte kan nie geskei word nie, netsoos die liggaam onafskeidbaar van die siel is. Die eenheid is sigbaar en besit 'n volkome konkrete maatstaf, d w s 'n onderwerping aan die Heilige Stoel wat die "wortel, bron en middelpunt van die eenheid is". Dit is om't ewe om te sê "Daar waar Christus is, is die kerk", as om te sê "Daar waar Petrus is, daar is die kerk".

Wat leer die protestante in hierdie verband? Wat die Reformatore in die eerste plek interesseer, is nie of die eenheid van die kerk sigbaar of onsigbaar is nie, maar vanwaar die eenheid kom. Waar die Rooms-Katolieke Kerk die eenheid van 'n sosiologiese feit laat afhang (onderwerping aan die Heilige Stoel), leer die Hervormers dat die eenheid enkel en alleen die werk van Christus in sy Kerk is. Dit is duidelik dat daar nie 'n standaard Bybelse model vir eenheid is nie. Daarom moet die voorstanders van een instituut ook duidelikheid kry oor hulle dryfvere. Een indrukwekkende instituut mag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitdrukking wees van eenvormigheid en triomfalisme. Tog mag geen ander motief funksioneer as die verlange om aan die wese van die kerk, as die gemeenskap van die armsaliges, gestalte te gee nie. Selfs nie eers die motief dat die wêreld sal glo, is die primêre nie. Indien ons net een word sodat die wêreld kan glo, sal hulle nie glo nie, want ons sal hulle nie so maklik bluf nie (vgl Visser"t Hooft 1943:56-57).

Die versoeking om self die eenheid uit te werk en dit te probeer skep, is voordurend deel van ekumeniese gesprekke. 'n Ekumeniese gesprek kan baie maklik ontaard in slegs horisontale verhoudinge, waar belydenisse en kerkordes vergelyk word, maar vergeet word dat gesamentlik voor die Woord van God gestaan moet word, en ons daaraan onderworpe moet wees. Daarom mag die eenheid nooit van die waarheid geskei word nie. "Er kan slechts heil zijn in dit gemeenschappelijke uitgangspunt: de eenheid der Kerk te zoeken is gesamentlijk zoeken de Kerk van Jezus Christus te zijn" (Visser't Hooft 1943:68). Eenheid is nie eendersheid nie, en verskeidenheid nie noodwendig verskeurdheid nie. Verskillende gemeentes beteken nie noodwendig geslote gemeentes nie. Die groot bedreiging vir die eenheid van die kerk is eerder afsonderlikheid.

> Afsondering was nog altyd eie aan sektes en ketterye. Die alternatief hierop is nie 'n ope geloofsgemeenskap waarbinne die waarheidsvraag geen rol speel nie, maar 'n nederige geloofsgemeenskap waarbinne gelowiges bewus is van hulle beperkte insigte, van die eskatologiese aard van die waarheid en van die noodsaaklikheid om aan mekaar vas te hou, terwyl die een die ander hoër as homself ag (De Villiers 1987:42).

'n Moontlike oplossing is 'n "kompromie". Soms is Paulus baie streng (Gal 1:8), ander kere baie gematig (1 Kor 9:20-23). In Gal 4:10-11 neem hy sterk standpunt in oor onder andere die Sabbat, terwyl hy in Rom 14:5, 6 veel gemakliker is. Hy weier om Titus te besny (Gal 2:3-5), maar is bereid om Timoteus te besny (Hand 16:3). Alleen die Heilige Gees, wat die Gees van genade en liefde is, kan ons hierdie weg wys. Dit is weereens duidelik dat die kerk nooit losgemaak kan word van sy konteks nie. Dit is nie 'n aantal leerstellings of gemeenskaplike formulering van geloofsinhoud wat die vroeë Joodse en nie-Joodse Christene aan mekaar gebind het nie, maar die een Naam, Jesus Christus. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is nie 'n meervoudige interpretasie of relatiwisme nie. Hierdie Waarheid relativeer wel allerlei kriteria deur dit te plaas in die groot verband van die verhouding tot die Waarheid, Jesus Christus.

## 4. DIE ROEPING VAN DIE KERK

> Jurgen Moltmann has captured both the intent and content of Scripture in saying that "mission does not come from the church, it is from mission and in the light of mission that the church has to be understood". The church does not create mission; mission creates the church. In mission the church has its identity and purpose (DuBose 1983:105).

Die kerk se roeping lê inderdaad vasgevang in sy identiteit: sy verhouding met God. Hierdie verhouding word van "onder af", van die mens se kant af, bepaal deur gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan God is niks anders as bereidheid tot diens nie. Daar kan geen verhouding wees as daar nie gehoorsaamheid is nie. Gehoorsaamheid en die ontvangs van die Heilige Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbind (Kraemer 1945:61,76). Die draers van die Christelike boodskap het geen keuse nie, die boodskap moet gekommunikeer word, omdat dit die Woord van die God van die wêreld is. "It has called a community in being, the Church, which exists for the sake of the world, and not for its own sake. The communication of this message of divine Heil and healing to the world is the thing for which the church exists" (Kraemer 1956:22).

### 4.1 Die kommunikasie van die evangelie

Die Christelike boodskap moet die openbaring van God oordra, nie 'n idee van God wat kompeteer met ander voorstellings van die goddelike nie. "Revelation means that God wants to be known, not to be known about. God discloses himself in his acts in concrete human history by opening his heart and making known the 'mystery' of his saving will in order to commune with man. Dietrich Bonhoeffer beautifully says that the Church is founded in the revelation of God's heart" (Kraemer 1956:23).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die Nuwe Testament is dit duidelik dat die kommunikasie van die evangelie nie soseer daarop gemik is dat die hoorders dit liggies moet kan verklaar nie, maar dat hulle bewus sal word van die beroep wat op hulle geloof gedoen word. Die enigste aanvaarbare antwoord op God se openbaring van sy hart, is die oorgee van hulle eie harte. "At Pentecost the crowd heard the apostels proclaim 'the wonderful works of God', and not their undeniably marvelous experiences of their Master" (Kraemer 1956:25). Die hele skepping sug en wag met 'n vurige verlange na die nuwe wêreld, waarin alles nuut en in plek sal wees. Die kerk verkondig dat die verlange besig is om vervul te word. In Jesus Christus het die nuwe skepping 'n aanvang geneem, Hy is die eerste verteenwoordiger van die nuwe wêreld en die Hoof daarvan. Die oomblik toe Hy die wêreld oorwin het, het die nuwe eeu begin, en die oorwinning wat Hy behaal het, is van kosmiese belang. Die grootste taak van die Kerk, sy plig teenoor God en die wêreld, is dus om die herskepping van die wêreld in Jesus Christus te verkondig.

> Die kerk bouwt niet alleen op door de herschepping te verkondigen, maar door de gemeenshap van de nieuwe schepping op aarde te belichamen... De Kerk bouwt de wereld weder op door Kerk te zijn, door de gemeenschap onder de gemeenschappen te zijn, door mensen zonder band saam te binden, door aan eenzamen naasten te geven en door op deze wijze de massa's in gemeenschap te veranderen (Visser't Hooft 1943:82).

Die Evangelie van Jesus Christus is die wesenlike, die absoluut onmisbare in alle kommunikatiewe handelinge van God en van sy gemeente wat hieraan deelneem. Die kerk is apostolies en die apostolisiteit van die kerk is meer as net maar 'n eienskap van die kerk. Dit is ook nie maar 'n gevolg van kerkwees nie, dit is inderdaad 'n voorwaarde vir kerkwees (Nel 1994:28).

## 4.2 Die dienskarakter van die kerk

Aangesien die kerk primêr die skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees is, moet daarteen gewaak word dat by sy diens, in navolging van Christus, die werk van die Vader en die Heilige Gees gering geskat of uit die oog verloor word. Jesus die Christus en Jesus die Kurios is tegelyk ook Jesus die Diakonos (Fil. 2:5-11). "Kerkwees is diens doen,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat Christus sy werk deur die *ekklesia* (gemeente) voortsit en laasgenoemde daar is ter wille van die Ryk van God en so ter wille van die wêreld. Lidmaatskap van die gemeente, en gemeentewees as sodanig, is nooit 'n doel op sigself nie. Lidmaatskap vra diensbaarheid wat veranker is in die soenverdienste van Christus" (Nel 1994:36).

## 4.3 Geroep tot dissipelmaking

Dikwels word die grondliggende waarhede ten opsigte van lidmaatskap en Christenskap verwaarloos, en die soms radikale eise van die navolging van Christus te hoog geag. Indien dit sou gebeur, is ons besig met 'n ernstige oortreding van die opdrag van Christus, naamlik om die nasies sy dissipels te maak. Om dissipels te maak, beteken nie maar net om iemand tot 'n beslissing vir Christus te bring nie. Dit is eerder om so iemand te leer en te help om te groei tot diens. Jesus was inderdaad besig om vir meer as drie jaar "dissipels te maak" van die wat Hom gevolg het.

Dissipelmaking is dus nie 'n begrip wat naas begrippe soos "lidmaatskap" en "Christenskap" funksioneer nie, maar moet eerder as verryking van hierdie begrippe dien. Daarom is die onderskeid wat McGravan maak tussen "discipling" en "perfecting" (Yates 1994:217) nie aanvaarbaar nie. Want om dissipels van mense te maak, is 'n taak wat nooit afgehandel word nie. Netso is die strewe na volmaaktheid (perfecting) 'n proses wat reeds begin word wanneer iemand tot dissipelskap gelei word (vgl Nel 1994:83-85). Die kerk is die weg, nie die einddoel nie. Op weg na God se Koninkryk moet die kerk homself voortdurend evangeliseer, nie net deur woorde nie, maar ook deur voor te leef wat hy glo (Schaluck 2000:41). Die dissipelskap gedagte verwys na die werkwoord *manthanein* wat letterlik beteken om jou gedagtes op iets te fokus. Die werkwoord kom egter net ses keer in die Nuwe Testament voor. Kenners is van mening dat die werkwoord vir "volg" (*akolouthein*) die Nuwe Testamentiese dissipel waarmerk, eerder as die begrip wat vir onderrig of lering gebruik word. Jesus se bedoeling was dan ook nie net om inligting oor te dra of bestaande houdings te bevestig nie, maar om 'n onvoorwaardelike oorgawe aan en verbondenheid met Hom wakker te maak.

Die begrip "dissipel" *(mathytys)* is die woord wat in die Griekse wêreld gebruik is vir vakleerlingskap, maar ook vir ywerige navolger, selfs nabootser. Dit gaan in 'n bepaalde sin om die ideale verhouding tussen dié wat intellektueel uitgee en die wat intellektueel ontvang. "Dissipel" impliseer 'n persoonlike verbondenheid wat die hele lewe van die dissipel bepaal. Hierdie persoonlike verhouding kom baie duidelik na vore in die verhouding tussen Jesus en sy dissipels, 'n verhouding wat deur Jesus self geskep is, en deur sy persoon beheer is. Jesus bied Homself aan vir sy dissipels, nie vir 'n saak of 'n dogma nie. Bybelse dissipelskap word daarom gekonstitueer in twee spilpunte, naamlik: (a) aanvaarding in 'n persoonlike verhouding deur Hom wat jou tot hierdie verhouding met Hom roep; en (b) 'n roeping wat insluit dat jy binne die verhouding navolger en leerling is van die Een wat jou hiertoe geroep het, naamlik God in Christus. Wie binne hierdie verhouding is, is per definisie lerende navolger van Christus (Nel 1994).

Vir die dissipels van Jesus was dissipelskap nie maar die eerste stap, met 'n belofte van groter dinge wat volg, soos om bv self rabbi te word, nie. Dit was die vervulling van hulle lewensbestemming. Hier gaan dit dus om 'n lewenslange navolging as leerling van en by Christus. Gelowiges (dissipels) is leerlinge op weg. "The church is a representative community, which belongs not to itself, but to a mission. We don't give purpose to ourselves; we give ourselves to a purpose. All of these has to do with the church's prophetic role" (Armstrong 1979:43).

## 5. KERK EN KONTEKS

Die kerk moet leer om met sy verlede saam te leef. Dit beteken dat in die oorvertel van die geskiedenis onderskei sal moet word tussen kerk, die evangelie, die koninkryk en die wêreld. Die kerk se verhaal is 'n belydenis van ontrouheid. Die wêreld sal die evangelie agter die kerk moet raaksien.

> The gospel is not just a message; it is the reality of God's redeeming activity through Jesus Christ. The church is a human community called into existence by God and sustained by God as a witness to the gospel, but the church is not the gospel. The history of the church is the story of how far the church is from the

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> gospel, but it is also the history of how God uses the church to witness to God's redemption of creation (Wilson 1997:11).

Wanneer aandag gegee word aan die geskiedenis sal ons ook leer om soos sendelinge na ons eie kultuur te kyk. Dan sal die bedreigings daarvan raakgesien moet word, asook die geleenthede om geloofwaardig te leef in 'n gefragmenteerde wêreld. Wilson maak 'n baie duidelike onderskeid tussen 'n pluralistiese en 'n gefragmenteerde wêreld.

> Pluralism... describes a world of competing outlooks, traditions, or claims of truth. It pictures a culture made up of coherent, integral communities, traditions, or positions that can be clearly differentiated from one another ...Western culture is fragmented, not pluralistic. Is is incoherent; our lives are lived piecemeal, not whole. The disagreements that we have are difficult to resolve, because we cannot locate them within some coherent position or community. We do not live in a world filled with competing outlooks; we live in a world that has fallen apart (Wilson 1997:27).

Die wêreld waarin in ons leef is gesekulariseerd. Die inplikasies daarvan is dat die Kerk of die Christen se mening nie beskou word as gesagdraend of respekteerbaar nie (Kraemer 1956:57). Ongelukkig het die kerk ook verwêrelds in die sin dat gesekulariseerde interpretasies van die evangelie toegepas word in die teoretiese funksionering van die Bybelse geloof. Dit lei daartoe dat die Bybelse gesag bevraagteken word deur wetenskaplikes. Sekularisasie het tot gevolg dat vroeëre waardes net nie meer geld nie, wat tot gevolg het dat die evangelie nie meer 'n rol speel in miljoene mense se lewens nie (Kraemer 1956:89). Die wêreld waarin ons leef, is ook geglobaliseerd. Dit het 'n eie invloed op die kerk se rol binne die wêreld. Die kerk sal 'n alternatiewe gemeenskap moet vorm wat die positiewe eienskappe van die globalisering sal aanvaar en die negatiewe sal verwerp, nie net in woord nie, maar veral deur 'n leefwyse in hierdie alternatiewe gemeenskap (Amaladoss 2000:17).

Juis in hierdie verband is die koinonia van die kerk so belangrik. Indien daar 'n sterk eenheidsband en gemeenskap tussen die gelowiges bestaan, kan die nood in sekere

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wêrelddele, asook die nood van sendelinge en kerk baie gouer en baie meer spesifiek aandag kry. So kan ons vanuit ons huise en plaaslike gemeentes deel kry aan die Missionêre Diakonaat wêreldwyd deur aktief daarby betrokke te wees, al sou hierdie betrokkenheid dan ook bloot geestelik deur gebed wees.

## 6. SAMEVATTING

Die geloofwaardigheidstoets lê juis in die identiteit van die kerk, naamlik sy verhouding met God. Dit het te doen met die gehoorsame uitleef van die verhouding met God, in diens aan mekaar en aan die wêreld. Die priesterskap van elke gelowige sal weer uitgeleef moet word binne die gemeente, deur aandag te gee aan die maak van dissipels, sodat almal in die kerk as gelykes beskou sal word. Een van die voordele van die Reformasie was dat die priesterskap van die gelowiges (Hand 2:17 en 1 Pet 2:9) erken is. Ongelukkig het die kerke van die Reformasie mettertyd teruggeval op die onderskeid tussen die "professionele" en die "leke" Christene. Daar is ook geweldige gapings tussen ons dogmatiek oor die kerk en ons bedieningspraktyk in die algemeen. Hendrikus Berkhof skryf dat die Reformasie 'n reformasie van die leer van die kerk (verlossingsleer, ens) was, eerder as 'n leer oor die kerk (ekklesiologie). Dit gee aanleiding daartoe dat die gemeente as die objek van die bediening gesien word: mense aan wie die evangelie bedien moet word, die kudde van die herder. Die priesterskap van die gelowiges beteken egter dat die gemeente subjek van die bediening is: mense wat toegerus is om die evangelie te bedien. Hulle is vrygespreek. Hulle het die Heilige Gees ontvang en is toegerus met die gawes van die Gees. Hulle is mense deur wie die bediening van die evangelie moet geskied. Daaarom moet die plaaslike gemeente gerig word na buite, na hulle wat nie aan 'n kerk behoort nie. Daarom kan die gemeente niks anders as gestuurdes wees nie (vgl Smit 1995:22).

Alhoewel nie elkeen van die verskillende diensterreine van die kerk - koinonia, leitourgia, diakonia en kerugma - afsonderlik bespreek is nie, is dit baie duidelik dat hierdie diensterreine almal geïnkorporeer is in die roeping van die kerk (vgl Burger

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1999:203-260). Ons kan wel hierdie diensterreine onderskei, maar ons mag hulle nooit skei en afsonderlik probeer toepas nie.